

Hoofstuk van die dag: Esegiël 4 – 5

> *Mens, vat ’n baksteen, sit dit voor jou neer en teken daar ’n stad op: Jerusalem. Beleër die stad … (Eseg 4:1-2)*

Esegiël, soos ander profete (o.a. Jesaja, Jeremia en Hosea) het van simboliese handelinge gebruik gemaak om hulle boodskap

oor te dra. Dis soos ’n oudio-visuele preek, wat heelwat meer trefkrag het as slegs woorde, want die beelde versterk die boodskap. Dis hoekom mense kinderpreke dikwels beter onthou as gewone preke.
Die Here beveel Esegiël hier om baie eienaardig op te tree, en dit moes lank aanhou: altesaam 390 dae. En daarná moes hy sy hare en baard met ’n swaard afskeer en opkap. Dit moes die boodskap by sy volksgenote duidelik maak: daar gaan nié ’n wonderbaarlike redding kom wat Jerusalem en die ballinge gaan red nie. Jerusalem gaan val, en die Jode wat nog weerstand bied, gaan afgemaai word.
Die rede is duidelik: hulle het God té veel uitgetart met hulle afgodediens en ander sondes (5:9). Hulle het gedink, solank Jerusalem en die tempel daar is, is daar hoop, maar ook dié vals hoop neem God weg (5:14).
Die boodskap is vandag steeds van krag: God laat nie met Hom spot nie (Gal 6:7). As jy daaroor twyfel, moet jy ’n keer weer by Golgota gaan staan.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026